NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad**: http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine**:
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak **Franscois Genis**, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur: Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585*
  - *Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

10 Mei 2019
Nr 15/2019

Warmnuus

Excelsus: Lentekonferensie 2019

Jy word uitgenooi na **Excelsus** se jaarlikse **Lentekonferensie**, *Lente in Bediening en Teologie*.

Dié konferensie vind plaas vanaf ***17 – 19 September 2019*** by *Universiteitsoord* en die *Universiteit van Pretoria*.
Vanjaar se tema is …. ***Hoe ons onthou, hoe ons vergeet. Om verbeeldingryk te leef.***

Hoofsprekers:
Dinsdag: **Prof Thuli Madonsela**
Woensdag: **Prof Christi van der Westhuizen**
Donderdag: **Gielie Hoffmann**

Dagboek solank hierdie datums!

Winterhoop 2019

WINTER HOOP • HOPE
Give hope. Give warmth.
1 - 30 JUNE 2019

Raak betrokke by die Winterhoopveldtog.
Die doel is, om daardie in nood, gedurende erge winterstye, op ‘n praktiese manier by te staan, sodat hul lewens meer draagliker is.
Besoek http://winterhoop.org/af/raak-betrokke/ vir volledige inligting oor die projek.

Gee hoop en warmte, op die volgende praktiese maniere:
*Skenk ‘n warm maaltyd (gemiddelde koste van ‘n ete is R20)
*Skenk ‘n warm bed in ‘n skuiling (gemiddelde koste van ‘n bed is R20)
*Skenk mussies, handskoene en serpe (gemiddelde koste is R50)
*Skenk ‘thermal” onderklere en sokkies (gemiddelde koste van onderklere is: R130 en sokkies: R80)
*Skenk ‘n kombers (gemiddelde koste van ‘n kombers is R 80)
*Skenk warm klere en skoene
*Skenk nie-bederfbare voedsel.

Sinodenuus

❖ Bybellees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:

➢ ***14 Mei*** Skriflesing: **Jesaja 47**

Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Mentoraat

Die *Taakspan Mentoraat* kom volgende Vrydag (***17 Mei*** om 11:00) by die Sinodehuis bymekaar. Jy is welkom om te kom saam dink. Kontak vir Derick du Toit by 082 958 0473 of derick@ngv.co.za.

❖ Survivorkamp: vir alle graad 8 en 9's (Badseloop)

Die Noordelike Sinode - Ring van Pietpotgietersrus bied aan 'n **SURVIVORKAMP** vir alle Graad 8 en 9 leerlinge,te BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong)

Dis 'n avontuur-ervaring, waar ons jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer. Ons kamp vind hierdie jaar plaas vanaf ***17 Junie tot 21 Junie 2019*****.**

Bekende leraars van die Ned. Geref. Kerk wat goed onderlê is, jonk van hart is en die Graad 8/9 kind baie goed ken, tree op as Geestelike leiers. Ons gebruik net ons beste en bekwaamste mense om die kamp vir elke jongmens onvergeetlik te maak.

Die koste vir die kamp beloop **R750** per persoon.

★ Kliek hier vir die volledige **inligting** asook vir die **inskrywingsvorm**. [Sluitingsdatum ***7 Junie***]

Ons het ook plek vir 'n klompie jongmense (Matrieks / Studente) om as "PERSONEEL" saam te kamp.
Ons personeel kamp vanaf ***15 Junie 2018*** om 09:00 tot ***21 Junie 2019*** saam met ons.
NB Personeel moet die verpligte personeel opleidingsnaweek bywoon.
Die koste vir die kamp vir Personeel beloop R750 per persoon. **Kliek hier vir die inskrywingsvorm!**

❖ Excelsus kursusse

Neem asseblief kennis van die **VBO-kursusse** wat in die 2de kwartaal aangebied word: [**Kliek hier** **vir die volledige inligting**…] - **Navrae**: *Sentrum vir bedieningsontwikkeling* UP, by 012-420 6738 of excelsus@up.ac.za.

21-22 Mei: *"Al die nasies tot die einde van die aarde". Herontdek die Bybel se missionale stem. Module 2: Lig vir die nasies. Die Ou Testament se missionale stem.* [25 VBO-punte]

29 Mei: Hiermee 'n eerste aankondiging en uitnodiging na 'n teologiese konferensie oor die geskiedenis, vertolking en betekenis van die *Sinode van Dordrecht* wat op 29 Mei 1619 afgesluit is, vanjaar, vier eeue gelede. [6 VBO-punte] [**Kliek hier** vir die volledige uitnodiging…]

Kolleganuus

❖ Innige simpatie

Charmara Cronjé [eggenote van wyle Henno Cronjé, voorheen van Waterkloof] is op 30 Maart oorlede.

Willie Grové [emeritus en voorheen predikant van Dalunie] is Paasnaweek oorlede.

❖ Hospitaal

Pieter Viljoen [Doornpoort] was onlangs in die hospitaal.

❖ Beroep

Trix Truter is as brugleraar beroep na Marikana en word op 19 Mei bevestig.

❖ Verjaarsdagwense: *Hartlik geluk aan die volgende persone:*

16/05 *Mattie Beukes* [Chipinge; mbeukes@bsatt.com; 00263 773 000 294]
17/05 *Danie J van Rensburg* [Jan Niemandpark; danievr@lantic.net; 083 289 1869]
Ronel Meylahn [Universiteitsoord; rmeylahn@lantic.net; 082 857 5752]
Nadine van Eeden [Waverley; nadine.vaneeden@ngwaverley.co.za; 079 576 1890]

****

13/05 *Antje du Plessis* [Brits; antjeduplessis@gmail.com; 073 587 4923]
14/05 *Debbie Erasmus* [Hulp en Hoop; ds.jacques.erasmus@gmail.com; 072 653 9845]
17/05 *Ansa Ungerer* [Raslouw; dewyku@iafrica.com; 012-654 3121]
18/05 *Renate Nel* [Waverley; attie@ngwaverley.co.za; 012-332 4423]
19/05 *Rita Albrecht* [Queenswood; karel.albrecht@gmail.com; 083 607 9726]

Gemeentenuus

- **Verjaarsdae**: *Baie geluk!*
  Kadoma [Gestig 15/05/1943]
  Monumentpark-Wes [Gestig 18/05/1983]

- **Overkruin**: **Werkswinkel - My kinders het geëmigreer – wat nou?**
  Dr **Petrus Moolman** (emeritus leraar) skryf soos volg: *Op Saterdag **11 Mei** tussen 09:00 en 12:00 bied ons 'n werkwinkel aan waartydens 'n kenner, **dr Sulette Ferreira** ('n maatskaplike werker in privaatpraktyk wat spesialiseer in die verwerking van verlies) ons gaan inlig oor haar resente navorsing in dié verband. Sy het al by meer as een buitelandse kongres oor dié onderwerp gepraat.*
  - Bywoning is gratis!"

- **Groenkloof**: **Ontbyt met Brand Pretorius**
  Onderwerp: Bemagtigende leierskap
  Datum: ***11 Mei*** om 09:00
  Waar: *Hatfield Christian Church* [January Masilela rylaan 551, Waterkloof Glen]
  Koste: R250 (Ontbyt ingesluit)
  Vir meer inligting: www.nggroenkloof.net.
  Vir kaartjies: 082 446 0351

- **Mootvallei: Wynveiling**
  Datum: ***24 Mei*** om 19:00
  Koste: R150 p/p
  Kom geniet die aand saam met ons! Driegang maaltyd ingesluit by die veiling.
  Vir meer inligting skakel 012-335 0611

- **Tuinrand: Mini-Basaar**
  Waar: H/v Louise- en Diamondstraat, Claremont Pretoria.
  Wanneer: Vrydag ***24 Mei***, vanaf 16:00 tot laat.
  Kom en ondersteun hulle met hul sakpas pryse wat heerlike gebak, nageregte, hamburgers, pannekoek, jaffels, kerrie en rys, koeldrank, koffie/tee en 'n Wit Olifant-tafel insluit.
  Navrae: Hanli Neuhuber, 012-379 2268.

- **Quaggapoort: Ester-Konferensie** met **Liesel Krause-Wiid**
  Datum: Saterdag, ***25 Mei*** om 10:00.
  Tema: "Stof Jou Drome Af", en toegang is GRATIS.
  Bring asseblief 1 of 2 nie-bederfbare items vir die koskasprojek. Daar sal 'n Willa Krause-velproduktetafel wees om te ondersteun.
  Navrae en besprekings kan gerig word aan Anthony by 0834751919 of ngkquaggapoort@gmail.com

- **Brits**: **Dames/Mansoggend**
  Droom en floreer saam met Philip en Lurianne Moolman
  Datum: ***6 Julie*** – 09:30 vir 10:00
  Waar: NG Brits
  Koste: R150 [ontbyt ingesluit]
  Bespreek: 012-252 1160 / ngbrits@mweb.co.za.

Ander nuus

- **Nuusbriewe**
  CLF: Nuwe publikasie vir Moedersdag
  CLF is baie opgewonde om ons nuutste publikasie, "**The Mommy diaries**", bekend te stel. Hierdie boek is geskryf deur *Kona Brown*, die bekende sanger Elvis Blue se suster.

Kona wil in haar boek kinders doelbewus betrek en hulle hopelik toerus oor kwessies van die hart, kwessies van geloof en kwessies wat hulle in hul wêreld ervaar.
Ouers voel nie aldag toegerus om die moeilike vrae wat kinders begin vra en die moeilike situasies wat kinders (vanaf 8 jaar) in die gesig staar, te hanteer nie. The Mommy diaries is bedoel om 'n praktiese hulpmiddel vir ouers te wees, wat daarop gemik is om hulle te help om op die vrae en kwessies wat voorkom in die lewens van pre-tieners en tieners te reageer, en om sulke geleenthede aan te gryp om hul kinders toe te rus vir groei. Om "The Mommy diaries" te bestel, stuur 'n e-pos aan order@clf.co.za of bestel dit aanlyn https://clf.co.za/product/the-mommy-diaries/

- **Stabilis: Werkswinkel - Workshop for Christian Counsellors, Youth Workers and Volunteers on the Spiritual Support of Children facing Illness, Pain and Suffering**
  [**Besoek http://peprogram.co.za/pep-talks/7-june-2019 vir volledige inligting en registrasie**.]
  Datum: Vrydag ***7 Junie*** (8:00-13:30)
  Waar: Stabilis, Haarhoffstraat-Oos 1229, Môregloed Pretoria.
  Koste: R450 per persoon
  Aanbieders: *Dr Annemarie Oberholzer* (PEProgram) en *dr Michiel vd Merwe* (Stabilis)
  VBO punte: 4

- **HospiVision**: **3rd Biennial Conference on Spirituality and Healthcare**
  Elizabeth Kùbler-Ross said: "We are here to heal one another and ourselves. Not healing as in physical recovery, but a much deeper healing. The healing of our spirits, our souls".
  When: *Cape Town:* ***16-17 May*** (venue Bellville). *Pretoria*: ***23-24 May*** (venue Monument Park).
  Cost for attendance for both days: R1200-00
  Cost for attendance for one day only: R700-00
  CPD Points: Approved: CPSC 12; VBO 15 / Applied: SACSSP 12
  Enquiries:
  Cape Town: Wanda de Jager wanda@hospivision.org.za / 021 931 0311
  Pretoria: June Kriel friend@hospivision.org.za / 012 329 9492
  - For more information and to register please follow this link.

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Dankie dat die nasionale stemdag goed afgeloop het.
- Dankie vir die ma's in ons lewens (Moedersdag Sondag 12 Mei)

Proponente en ander vakatures

- **Raslouw**: **Vakature – Voltydse medeleraar gefokus op jeugbediening**
  Die gemeente is geleë op die grens van Wierdapark en Raslouw in Centurion. Hulle het ongeveer 2 400 lidmate met 'n gemiddelde ouderdom van so 49 jaar waarvan ongeveer 600 lidmate jonger as 25 is. Die medeleraarspos sal aanvanklik veral fokus op die totale jeugbediening met die moontlikheid om dit daarna uit te brei wanneer een van ons leraars vroeg in 2020 emeriteer.
  Sluitingsdatum vir aansoeke is *16 Mei*. **Diensaanvaarding**: ***1 Julie***. [Lees die inligting **hier**...]

- **Weenen**: **Vakature – Leraarspos (twee jaar vastetermyn)**
  Hierdie plattelandse gemeente het 83 belydende lidmate en 17 dooplidmate.
  Navrae: Ds Dirk van Zyl (konsulent) sel: 061 833 8463 / Kobus Beukes (Voorsitter van die kerkraad) sel:072 384 4476 / Dawn du Plessis (Saakgelastigde) 082 934 3155
  Sluitingsdatum: Woensdag ***31 Julie***. [**Kliek hier** vir volledige Inligting…]

- **UP Fakulteit Teologie**:
  - ★ **Gelegitimeerde proponente 2016**
    Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
    Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

★ **Gelegitimeerde proponente 2017**
Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]

★ **Gelegitimeerde proponent 2018**
Freddie de Lange [071 483 8798, freddiedelange@yahoo.com]
Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Chris Jacobs [076 793 0233, chrisfjacobs@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
Charlotte Sibanyoni [081 522 7714, charlottesibanyoni@gmail.com]
Hendrik Smal [076 143 9559, smalhendrik@gmail.com]
Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
Gerhard Bothma [082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]
Jan Cloete [083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]
Ernst Muller [082-656-1107, gaius117@gmail.com]
Bertus Olivier [082 224 6242, oli4@axxess.co.za]
Ockie Raubenheimer [076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]
André Smuts [072 148 6718, sasmuts@gmail.com]
Lizette Viviers [082 451 4049, lizetviviers@gmail.com]

Ten slotte

Oeps…

BYLAES

NG RASLOUW
VAKATURE: VOLTYDSE MEDELERAAR GEFOKUS OP JEUGBEDIENING

Raslouw NG Gemeente is geleë op die grens van Wierdapark en Raslouw in Centurion. Ons het ongeveer 2 400 lidmate met 'n gemiddelde ouderdom van so 49 jaar waarvan ongeveer 600 lidmate jonger as 25 is. Die medeleraarspos sal aanvanklik veral fokus op die totale jeugbediening met die moontlikheid om dit daarna uit te brei wanneer een van ons leraars vroeg in 2020 emeriteer.

Ons is op soek na:

- 'n Gelegitimeerde met algemene gemeentelike bedieningsondervinding en veral ervaring wat gerig is op die jeug ('n minimum van 3 tot 5 jaar ervaring is 'n vereiste);
- Iemand wat deur sy/haar lewende verhouding met die Here Jesus Christus oortuig is van die roeping deur die Heilige Gees met die fokus op Jeugbediening;
- 'n Dinamiese persoon met sterk leierseienskappe en 'n besliste doelgerigtheid wat op alle vlakke goed kan kommunikeer en oor sterk organisatoriese vermoëns beskik;
- Iemand wat leiding kan neem met die musiekbediening sal 'n pluspunt wees.

Die pligte van die pos sluit in:

- Uitvoering van die pligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde veral gerig op die jeug;
- Strategiese beplanning, koördinering en uitvoering met betrekking tot die totale jeugbediening in samewerking met die leraarspan en Kerkraad;
- Mede verantwoordelik saam met ander leraars vir gewone huisbesoek (50 besoekpunte per jaar gefokus op gesinsbediening);
- Skakeling met ander gemeentes en omliggende skole asook die sinode rakende jeug aktiwiteite;
- Koördinering en aanbied van eredienste (hoofsaaklik aande in skoolkwartale) gerig op die senior jeug en ander jeuggerigte geleenthede in oorleg met BK;
- Jeugprojekte, uitreike, jeugfeeste en gemeenskapsprojekte vir die totale jeug in samewerking met die Jeugbediening.

Vergoeding

Vergoeding word bepaal op:

Kontantpakket van R400 000-00 per jaar wat die volgende insluit: traktement, reistoelae, medies, pensioen, kommunikasietoelaes en 'n jaarlikse behuisingsubsidie van R96 000-00 per jaar wat huur/verbandpaaiement en munisipale dienste insluit.

Die moontlikheid bestaan dat die posinhoud na 'n jaar heronderhandel kan word met die gepaardgaande vergoedingsaanpassing.

Aansoeke

Belangstellendes kan hulle CV met 'n kort motivering vir die aansoek, stuur aan:
Die Voorsitter: Bestuurskomitee
Ned Geref. Gemeente Raslouw
Posbus 51470
Wierdapark
0149
(CV kan ook elektronies na raslouw3@mweb.co.za gestuur word)

Navrae:

Rig enige navrae aan die Voorsitter Bestuurskomitee: Ds Dewyk Ungerer (epos: dewyku@iafrica.com en sel 082 572 6463)

Sluitingsdatum: 16 Mei 2019

Diensaanvaarding: 1 Julie 2019 of so spoedig daarna.

Proviso

Die Kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie

Terug

NG GEMEENTE WEENEN
Leraarspos Twee jaar Vastetermyn

Hierdie plattelandse gemeente het 83 belydende lidmate en 17 dooplidmate.

LERAARSPROFIEL: Die volgende vereistes is van besondere belang met die oog op 'n beroep:

- Die posbeskrywing sluit die primêre funksies van die predikant in - soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.
- Sondae eredienste by Colenso en Weenen.
- Om aanvoeling te hê vir uiteenlopende standpunte in die gemeente (Colenso en Weenen), en om dit te hanteer met die nodige sensitiwiteit, respek en wysheid. Dit sal van die beroepene verwag word om akkommoderend te wees.
- Leersuiwerend in alle fasette van gemeentewerk en persoonlike opbou van die gemeente.
- Kontak deur middel van Bybelstudies, huisbesoek en pastorale besoek, Colenso en Weenen.
- Troues en begrafnisse hanteer soos van tyd tot tyd benodig word.
- Die beroepene moet betrokke wees by gemeente-organisering en funksies.

VERGOEDINGSPAKKET: Die totale vergoedingspakket is R15 000 per maand wat gestruktureer kan word volgens situasie en behoefte. Gratis BEHUISING is beskikbaar, asook Telefoon toelae en Pastorietuin instandhouding.

AANSOEKE: Stuur asseblief u aansoek en CV, met twee referente aan: Die Skrika NG Kerk Weenen, Posbus 1, Weenen 3325. E-pos: dawnduplessis8@email.com of dncvanzvl@gmail.com (konsulent)

NAVRAE: Ds Dirk van Zyl (konsulent) sel: 061 833 8463 / Kobus Beukes (Voorsitter van die kerkraad) sel:072 384 4476 / Dawn du Plessis (Saakgelastigde) 082 934 3155

SLUITINGSDATUM: Woensdag 31 Julie 2019

Die Kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit enige van die aansoeke te maak nie.

Terug

Excelsus

Uitnodiging na Konferensie ter herdenking van die Sinode van Dordrecht

29 Mei 2019

Hiermee 'n eerste aankondiging en uitnodiging na 'n teologiese konferensie oor die geskiedenis, vertolking en betekenis van die *Sinode van Dordrecht* wat op 29 Mei 1619 afgesluit is, vanjaar, vier eeue gelede.
6 VBO-punte
Waar: NG Berg-en-Dal, Bloemfontein (08:30-16:00)
Koste: R100 p/p (material, verversings en middagete ingesluit)
Registrasie: admin@bergendalkerk.co.za vóór *22 Mei*.
Navrae: 051-436 2750 of 082 784 9362.

Terug